



Fortune Brands
Innovations

Kode vir Sakegedrag en Etiek

*Ons demonstreer 'n verbintenis tot
reputasie-uitnemendheid in die hele
Fortune Brands Innovations deur
integriteit, leierskap, spanwerk en
verantwoordbaarheid.*

Fortune Brands Innovations, Inc.
Updateer in April 2023



Aan al ons gewaardeerde medewerkers

By Fortune Brands is ons toegewyd tot die hoogste etiese standaard. Dit maak nie saak waar u werk nie; u is deel van Fortune Brands. Ons het 'n enkele Kode vir Sakegedrag en Etiek wat op alle medewerkers op alle vlakke en plekke van toepassing is. Ons kernwaardes – “aligned, agile and accountable” in Engels (gestroomlyn, aanpasbaar en verantwoordbaar) – word regdeur die Kode weerspieël en rig ons oortuigings en gedrag van hoe ons besigheid doen en ander mense behandel.

Ek vra u om die Kode aandagtig deur te lees en dit dikwels te raadpleeg. Dit bevat antwoorde op vrae, riglyne oor hoe om kwessies op te los wat moontlik kan opduik, asook instruksies vir die vertroulike rapportering van enige vermoedelike oortredings van die Kode. Nakoming van die Kode sal verseker dat ons altyd die regte keuses maak te midde van die duisende keuses wat ons almal daaglik neem.

Dankie vir u toewyding aan Fortune Brands en ons waardes. Danksy almal se toewyding om ons Kode van sakegedrag en etiek na te kom, gaan ons voort om 'n wonderlike maatskappy te bou.

Vriendelike groete

A handwritten signature in blue ink that reads "Nicholas Fink". The signature is fluid and cursive.

Nicholas Fink
Uitvoerende hoof
Fortune Brands Innovations, Inc.

ONS WAARDES:

- **Gestroomlyn** om saam te werk
- **Aanpasbaar** wanneer verandering nodig is
- **Verantwoordbaar** in ons beloftes
- **Optrede** met integriteit en deursigtigheid

Inhoudsopgawe

3 maniere om uit te praat!	1
Ons toewyding tot die Kode:	2
Etiese gedrag	2
Uitpraat en oplossing van kwessies.....	3
Beleid en prosedures vir fluitjieblasers	4
Nakomingsprogram.....	5
Ons werksplek:	6
Respek vir andere.....	6
Gesondheid en veiligheid by al ons liggings.....	7
Ons besigheid:	8
Regverdige mededinging.....	8
Nakoming van internasionale handelswette.....	9
Teenkorrupsie.....	10
Botsende belange.....	11
Geskenke, vermaak en gasvryheid	13
Gebruik van sosiale media.....	14
Ons inligting en hulpbronne:	15
Finansiële akkuraatheid en bekendmaking	15
Binnehandel	16
Maatskappybates.....	17
Vertroulike inligting	18
Dataprivaatheid.....	19
Belegger- en mediabetrekkinge	20
Hantering van rekords	21
Kommer oor omgewingsake.....	22

Menseregte.....	23
Opleiding en sertifisering.....	24
Versuim om die Kode na te kom.....	24
Kwytskelding van die Kode	24
Opsomming van nakomingsrapportering	24

Verwysings in hierdie gedragkode na "Fortune Brands", die "Maatskappy", "FBIN" en "ons" verwys na Fortune Brands Innovations, Inc. en sy filiale.

3 maniere om uit te praat!

Die Kode vir Sakegedrag en Etiek bevat gedragsriglyne wat op almal wat vir die Fortune Brands groep maatskappye werk, van toepassing is, en maak ook vir verskeie maniere voorsiening waarop u ons in kennis kan stel indien u glo dat daar oortredings of wangedrag was. U kan op die volgende maniere **uitpraat** deur enige vermoedelike oortreding van die Kode te rapporteer. Meer besonderhede oor hoe om uit te praat en kwessies op te los staan op bladsy drie van hierdie dokument:



Vertel vir iemand

As u oor enige nakomings- of etiese kwessie twyfel, kontak asseblief u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampste, u voldoeningskomitee of die Fortune Brands-regsafdeling.



Skakel die nakomingshulplyn 1-855-212-7613

Hierdie nommer is spesifiek vir rapporterings of vermoedens van enige oortreding van die etiese kode bedoel. Dit sluit in rapportering van twyfelagtige rekenkunde, omkoperij of korrupsie, ouditering- of bedrogverwante sake of moontlike oortredings van VSA-federale sekuriteitewette wat die maatskappy kan affekteer. Oproepe na die hulplyn kan anoniem gemaak word. Instruksies om internasionale tolvrye nommers te skakel, staan by www.FBINcompliance.com.



Besoek die nakomingshulplyn se webwerf www.FBINcompliance.com

Hierdie webwerf is spesifiek vir rapporterings of vermoedens van enige oortreding van die etiese kode bedoel. Dit sluit in rapportering van twyfelagtige rekenkunde, omkoperij of korrupsie, ouditering- of bedrogverwante sake of moontlike oortredings van VSA-federale sekuriteitewette wat die maatskappy kan affekteer. Rapportering mag anoniem gedoen word. U kan ook die webwerf gebruik om op 'n bestaande rapportering op te volg.

Ons toewyding tot die Kode: Etiese gedrag

Fortune Brands is verbind tot kernwaardes wat integriteit, leierskap, spanwerk en verantwoordbaarheid insluit. Ons moet hard daaraan werk om 'n uitstekende reputasie te handhaaf en daarvoor bekend te staan dat ons altyd die regte ding doen. Dit is belangrik om altyd die hoogste wetlike en etiese standarde voor te hou in alles wat ons doen – van indiensnemingsbesluite tot omgewingspraktyke. Hierdie Kode bied vir u 'n inleiding tot die wette, beleide en reëls wat almal wat vir Fortune Brands werk, moet volg. Daar word van almal van ons verwag om die volgende te verstaan:

- Die Kode is van toepassing op alle werknemers op alle plekke (insluitend werknemers van ons filiale) en die lede van die Fortune Brands-direksie.
- Ons toesighouers en bestuurders stel 'n voorbeeld vir die nakoming van die Kode. Hulle het 'n ekstra verantwoordelikheid om die Kode se standarde te monitor en toe te pas asook om hulle werknemers te ondersteun wanneer hulle enige vrae oor nakoming het.
- Die keuses wat ons elke dag maak, het 'n impak op en weerspieël die Fortune Brands-maatskappy. As werkverwante situasies vorendag kom waarmee u nie gemaklik is nie, of u nie weet hoe om dit ingevolge die beginsels en gees van die Kode te hanteer nie, moet u om hulp vra.



Die Kode beskryf nie breedvoerig elke wet en beleid wat moontlik op u van toepassing kan wees nie, alhoewel dit 'n opsomming van sommige daarvan bevat. Regdeur die Kode wys die blou driehoek na bykomende hulpbronne vir bystand of meer inligting oor die Kode se onderwerpe. Die Kode is aanlyn beskikbaar by www.FBIN.com.

Sê nou maar...

In die Kode sal u voorbeelde kry van komplekse situasies wat u moontlik kan teëkom wanneer u sakebesluite neem, asook leiding oor hoe om daardie soort situasie te hanteer. Maak nie saak wat nie – u kan altyd u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampte, u nakomingskomitee, die Fortune Brands-regsafdeling of die nakomingshulplyn kontak vir hulp.

Ons toewyding tot die Kode: Uitpraat en oplossing van kwessies

Fortune Brands kan slegs probleme hanteer waarvan hulle bewus is. Ons moet almal die wettige en etiese verantwoordelikheid van ons werk verstaan en dan uitpraat indien ons glo dat iemand ons standarde oortree het. Ons is verplig om leiding te soek wanneer ons in 'n situasie is, of daarin betrokke kan raak, waarin ons nie duidelikheid het nie. Ons moet verkeerde optrede en etiese wangedrag rapporteer. Om die regte ding te doen, beteken:

- Rapporteer onmiddellik moontlike oortredings van die wette, reëls, regulasies of die Kode onverwyld aan u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampte, die Fortune Brands-regsafdeling, u nakomingskomitee – watter kanaal u ook al voel toepaslik is. Ons het ook 'n nakomingshulplyn wat deur 'n onafhanklike derdeparty maatskappy hanteer word waar u enige soort oortreding van die Kode of enige nakomingkommer, insluitend rapporterings oor omkoperie of korrupsie, finansiële wangedrag, bedrog of twyfelagtige rekeningkundige praktyke of moontlike oortredings van VSA-federale sekuriteitewette kan rapporteer. Oproepe na die hulplyn kan anoniem gemaak word.
- Let wel: indien u 'n oortreding van die Kode rapporteer, is die maatskappy verplig om u kommer te ondersoek. Oproepe na die hulplyn en ander rapporterings sal so vertroulik as moontlik gehou word, en inligting sal slegs gedeel word met diegene wat daarvan moet weet, maar dit kan nie geheim gehou word nie. Vertroulikheid sal niemand beskerm wat aan 'n oortreding medepligtig is nie, en diegene wat die Kode oortree (of versuim om oortredings waarvan hulle weet, te rapporteer) kan gedissiplineer word (insluitend diensbeëindiging) of met regsgevolge te kampe kry.
- Voldoening aan ons “geen vergelding”-beleide. Enige werknemer wat op eerlike wyse advies vra, 'n kommer opper of wangedrag in goeder trou rapporteer, sal nie vergelding ervaar bloot omdat hulle die saak rapporteer het nie. Net so sal 'n werknemer nie vergelding ervaar vir samewerking in 'n ondersoek van 'n moontlike oortreding nie. Niemand sal gestraf word vir eerlike bekendmakings oor vermeende Kode-oortredings nie.

Nakomingshulplyn

1-855-212-7613

www.FBINcompliance.com

Hierdie nommer en webwerf is spesifiek vir rapporterings of vermoedens van enige oortreding van die etiese kode bedoel. Dit sluit in rapportering van twyfelagtige rekenkunde, omkoperie of korrupsie, ouditering- of bedrogverwante sake of moontlike oortredings van VSA-federale sekuriteitewette wat die maatskappy kan affekteer. Instruksies om internasionale tolvrye nommers te skakel, staan by www.FBINcompliance.com.

Sê nou maar...

'n Werknemer skakel die nakomingshulplyn om 'n baie ernstige oortreding aangaande seksuele teistering te rapporteer.

Die hulplynoproep sal dadelik ondersoek word. Die inligting wat verskaf word, sal so vertroulik as moontlik gehou word en sal slegs met diegene gedeel word wat daarvan moet weet. 'n Werknemer wat 'n oortreding in goeder trou rapporteer, sal nie vergelding ervaar bloot omdat die inligting gerapporteer is nie.

Ons toewyding tot die Kode: Beleid en prosedures vir fluitjieblasers

Alle Fortune Brands-maatskappye is daartoe verbind om sake te doen in ooreenstemming met die hoogste etiese standaarde en om alle toepaslike sekuriteitewette en -regulasies, rekeningkundige standaarde, rekeningkundige kontroles en ouditpraktyke na te kom. Fortune Brands se beleid en prosedures vir fluitjieblasers maak juis as gevolg daarvan verskeie maniere moontlik waarop 'n werknemer in goeder trou twyfelagtige rekeningkundige of ouditpraktyke, of moontlike oortredings van die VSA-federale sekuriteitewette wat met die maatskappy verband hou, kan rapporteer. U kan so 'n rapportering deur die nakomingshulplyn indien. U kan ook die aangeleentheid aan u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampte, u nakomingskomitee of enigiemand in die Fortune Brands-regsafdeling voorlê. Enige werknemer wat 'n saak wil rapporteer, sal dit vryelik en sonder vrees vir afdanking of vergelding kan doen. Die Fortune Brands-nakomingskomitee sal die saak wat gerapporteer is, nagaan en dienooreenkomstig optree. Hulle kan, insluitend maar nie beperk tot nie, byvoorbeeld ander betrokke partye in kennis stel en 'n ondersoek loods.

Nie Fortune Brands of enige werknemer of agent van Fortune Brands mag enige werknemer afdank of op enige wyse teenoor die werknemer diskrimineer met betrekking tot sy of haar indiensname bloot omdat hy of sy 'n saak rapporteer het nie. Fortune Brands verbied sulke vergeldingsgedrag en sal enige klagte van vergelding of soortgelyke gedrag dadelik ondersoek. Klagtes en ondersoeke sal so vertroulik as moontlik hanteer word, in ooreenstemming met enige regstellende stappe wat deur Fortune Brands geneem moet word.



Die fluitjieblaserbeleid en -prosedures is aanlyn by www.FBIN.com beskikbaar.

Sê nou maar...

Ek vermoed dat my afdeling se finansiële rapporteringsprosedures moontlik die wet oortree. Ek is egter bang dat ek afgedank sal word of van my posvlak ontnem sal word indien ek hierdie saak deur die nakomingshulplyn rapporteer.

Fortune Brands verbied vergelding teen 'n werknemer wat in goeder trou vermoedelike rekeningkundige of ouditoortredings rapporteer wat met die maatskappy verband hou. U sal nie vergelding ervaar bloot omdat u hierdie saak uitlig nie. Boonop het u 'n verpligting teenoor die maatskappy om hierdie kommer te opper.

Ons toewyding tot die Kode: Nakomingsprogram

Die Kode is deur die Fortune Brands-nakomingskomitee ontwerp en bygewerk. Die Fortune Brands-nakomingskomitee en die nakomingskomitee by elke filiaal administreer ons nakomingsprogram. Die Fortune Brands-nakomingskomitee kom periodiek bymekaar om die maatskappiese nakoming na te gaan en rapporteer ten minste een maal 'n jaar aan die direksie. Dit is verantwoordelik vir:

- toesighouding oor nakomingsopleiding, kommunikasie, ouditering en mentorskap.
- ondersoek instel (met buitehulpbronne soos benodig).
- vasstelling van dissiplinêre prosedures vir oortredings van die Kode.
- raadpleging met die regsafdeling om die wet te interpreteer soos dit op die Kode van toepassing is.

Fortune Brands se senior leierskap werk saam met en ondersteun die nakomingskomitee en die nakomingskomitees van die filiale om onetiese gedrag te voorkom en op te spoor.

Ons werkplek: Respek vir andere

Fortune Brands is daartoe verbind om 'n werkplek te bevorder wat professioneel en respektvol is. Diversiteit is 'n noodsaaklike en strategiese doelwit vir ons besigheid. Ons bevorder 'n atmosfeer van vertroue en respek en ons moedig 'n werksomgewing aan waar werknemers regverdig behandel word en geleenthede gegee word om tot ons sukses by te dra. Dit beteken:

- Ons bied gelyke indiensnemingsgeleenthede aan alle werknemers en aansoekers. Alle Fortune Brands-maatskappye werf, neem in diens, lei op, evalueer en bevorder gekwalifiseerde mense vir alle poste ongeag van ras, kleur, geloof, seksuele oriëntering, geslagsidentiteit of -uitdrukking, huwelikstatus, landsoorsprong, burgerskap, geslag, seksualiteit, ouderdom, gestremdheid, genetica, militêre of oudsoldaat-status, of enige ander aspek wat deur die wet verbied word.
- Ons duld geen vorm van teistering nie. Enige onwelkome gedrag wat 'n afstootlike of intimiderende omgewing skep, word verbied. Seksuele teistering kan seksuele toenadering, ongewenste kontak of herhaalde ontugtige voorstelle of kommentaar insluit. Ander vorms van teistering kan afstootlike kommentaar oor ras, etnisiteit, geloof, of ouderdom en beledigings wat vyandigheid teenoor ander mense op grond van individuele eienskappe insluit. Dit maak nie saak of hierdie gedrag verbaal, fisiek of deur middel van foto's of ander elektroniese manier gekommunikeer word nie – dit word nie geduld nie.
- As u enige tipe teistering of diskriminasie waarneem of ervaar moet u dit aan u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampte, u nakomingskomitee, die Fortune Brands-regsafdeling of die nakomingshulplyn rapporteer.



Raadpleeg asseblief u plaaslike beleide teen teistering en niediskriminasie wat hierdie reëls en verpligtinge in meer besonderhede beskryf.

Sê nou maar...

'n Kollega vertel u dat haar toesighouer haar dikwels spot oor haar geloofsoortuigings en onlangs 'n e-pos aan haar gestuur het (wat sy aan u aangestuur het) met afstootlike tekenprente wat 'n bespotting van haar geloof maak. Sy is baie ontsteld oor hierdie gedrag, maar het daarop aangedring dat sy nie iets daaraan wil doen nie want sy wil nie onmin veroorsaak nie. Sy sê dat sy u net van hierdie probleem vertel "as 'n vriend".

U het 'n verpligting ingevolge die Kode om u kollega aan te moedig om hierdie kwessie te rapporteer en om dit duidelik te stel dat, as sy dit nie onder die aandag van 'n bestuurder of toesighouer, haar personeelbeampte, die Fortune Brands-regsafdeling, die hulplyn of die nakomingskomitee bring nie, u dit sal moet rapporteer.

Ons werksplek:

Gesondheid en veiligheid by al ons liggings

Fortune Brands is daartoe verbind om 'n veilige, beveiligde en gesonde werksomgewing te handhaaf. Die maatskappy kom alle wette oor werksveiligheid en -gesondheid na. Ons doel is om voortdurend die risiko's wat met ons bedrywighede verband hou, te verminder en om 'n veilige en gesonde omgewing vir ons werknemers te skep.

Ons beleide en praktyke verbied die besit van, verkoop of gebruik van onwettige dwelmmiddels (of die misbruik van voorskryfmedikasie) terwyl u werk of op ons perseel is. Enigiemand wat probleme met middelmisbruik het word gemaan om hul personeelbeampte vir hulp te nader.

Fortune Brands het 'n beleid van nul-verdraagsaamheidsbeleid vir geweld in die werksplek. Geweld, dreigemente of intimiderende gedrag sal nie op ons maatskappy se persele of by enige gebeurtenis wat deur die maatskappy geborg word geduld word nie. Werknemers wat geweld in die werksplek ervaar of getuies daarvan is, wat 'n klagte oor geweld of dreigemente ontvang of getuie is dat die klagte ontvang is, of bekommerd is dat 'n kollega moontlik onderhewig aan geweld kan wees, moet onmiddellik die saak rapporteer.



Raadpleeg asseblief u plaaslike beleide oor gesondheid, veiligheid en geweld. Werknemers wat leiding en bystand met middelmisbruik of ander persoonlike probleme nodig, moet hulle plaaslike personeelbeampte kontak en navraag doen oor potensiele bystandsprogramme.

Sê nou maar...

'n Kollega noem dat sy smookwaad vir haar toesighouer is en dat sy haar humeur totaal en al gaan verloor en dui selfs aan dat sy moontlik môre 'n wapen werk toe mag bring. Moet u iets sê?

Ja. U moet hierdie kommer by u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampte, u nakomingskomitee of die nakomingshulplyn aanmeld.

Ons besigheid:

Regverdige mededinging

By Fortune Brands is ons trots op hoe ons die mark lei deur innoverend en op die hoogste vlakke te presteer en kragtig mee te ding. Dit is van kritieke belang vir ons besigheid en ons reputasie dat ons regverdig meeding. Dit beteken:

- Dat ons voldoen aan billike mededinging- (of "antitrust"-) wette wat markplekregverdigheid bevorder. Hierdie wette verbied die volgende soort beperkinge op handel: ooreenkomste tussen mededingers om pryse vas te stel, die volume of beskikbaarheid van produkte te manipuleer, gebiede, markte of produkte toe te wys, of om spesifieke verskaffers of kliënte te boikot. Omdat boetes vir teenmededingende gedrag baie hoog kan wees en dit enorme boetes vir die individue en die korporasie en tronkstraf kan insluit, en omdat die reëls op hierdie gebied so kompleks is, moet die Fortune Brands-regsafdeling bystand verleen in alle gevalle van ongeloofwaardige sake.
- Ons versamel en gebruik mededingers se inligting wetlik en eties. Ons mag nie vertroulike inligting oor mededingers se sakepraktyke wat aan die publiek beskikbaar is op soek en daarop staat maak. Dit is onbehoorlik om andere se eie mededingende inligting te gebruik.

Sê nou maar...

Ek het 'n e-pos van my eweknie by Masco ontvang met 'n aanhangsel wat al Masco se geprojekteerde finansies bevat. Die e-pos is aan my gerig, so kan ek eenvoudig aanneem dat dit veronderstel was om aan my gestuur te word?

Heel waarskynlik nie. Gesonde verstand vertel u dat hierdie e-pos per abuis gestuur is en dat die inligting hoogs vertroulik vir die afsender is. Dit sal onregverdig en onbehoorlik wees om dit te doen. Moenie die e-pos of aanhangsel deel, kopieer of bespreek nie. Kontak die Fortune Brands-regsafdeling.

Ons besigheid:

Nakoming van internasionale handelswette

As 'n internasionale maatskappy vervoer Fortune Brands goedere, dienste en tegnologieë na lande regoor die wêreld. Die VSA se uitvoerwette reguleer waar en met wie ons sake kan doen en waarheen ons goedere, dienste en tegnologie kan stuur. Fortune Brands se saketransaksies is onderhewig aan verskeie handelsbeheermaatreëls en wette wat uitvoer reguleer, insluitend deur die regering opgelegde uitvoerbeheer, handelsbeperkinge, handelsembargo's, wettige ekonomiese sanksies en boikotte. Ons vermoë om produkte, dienste en tegnologie te kan uitvoer is 'n voorreg en nie 'n reg nie, en die VSA-regering kan daardie voorreg herroep sou 'n oortreding plaasvind.

Geen werknemer (ongeag ligging) mag direk of indirek sake doen met enige maatskappy of individue wat in sekere verbode lande woonagtig is nie. Spesifiek, transaksies met lande wat onderhewig aan die VSA se handelsverbanning is, word streng verbied. Hierdie verbod sluit beide direkte en indirekte transaksies met die verbode lande in. Geen werknemer mag dus bystaan in, of andersins 'n transaksie met 'n verbode land ondersteun, waarby die werknemer nie direk betrokke mag raak nie. As VSA-wette in teenstryd met plaaslike handelswette is, sal die VSA-wette van toepassing wees. Raadpleeg altyd die Fortune Brands-regsafdeling vir leiding oor hierdie onderwerp en vir 'n huidige lys van verbode lande.

Fortune Brands mag nie aan boikotte deelneem wat nie deur die VSA-regering goedgekeur word nie. Dit sluit in ooreenkomste om te diskrimineer en weiering om met sekere lande of maatskappye sake te doen wat deur ander regerings op 'n swartlys geplaas is. Om nakoming van teenboikotwette te verseker moet die Fortune Brands-regsafdeling altyd ooreenkomste nagaan wat moontlik boikotverwante taalgebruik kan bevat.

Kontak die Fortune Brands-regsafdeling om enige verwante vrae oor handelsbeperkinge te bespreek.

Sê nou maar...

'n Werknemer ontvang 'n aankoopopdrag van 'n nuwe kliënt in die VAE. Die kliënt se kontakpersoon sê dinge wat daarop dui dat die maatskappy in die VAE 'n volfiliaal-verspreider vir 'n maatskappy in Iran is en dat alle produkte onmiddellik vanaf die VAE na Iran gestuur sal word. Is dit 'n probleem?

Ja. Ingevolge die VSA se federale wetgewing word ons verbied om met Iran en ander verbode lande sake te doen, ongeag of dit direk of indirek gedoen word. Ons het 'n verpligting om die aard van ons sakehandeling te verstaan voordat ons die bestelling vervul. As ons indirek die bestelling aan Iran verskaf word hierdie transaksie verbied. U moet die Fortune Brands-regsafdeling kontak om die transaksie te bespreek voordat u voortgaan.

Ons besigheid: Teenkorruptsie

Fortune Brands is daartoe verbind om op etiese wyse besigheid te doen en om alle toepaslike wette, insluitend die VSA se Foreign Corrupt Practices Act-wet, na te kom. Fortune Brands verbied alle omkoperie of enige onbehoorlike betaling vir enige van sy werksaamhede op enige plek in die wêreld ten strengste. Alle werknemers, ongeag burgerskap of ligging, mag nie omkoopgeld betaal of onbehoorlike betalings maak aan enige persoon nie, hetsy 'n regeringsbeampte of privaat persoon, en hulle mag nie tussengangers soos agente, konsultante, raadgewers, verspreiders of enige ander sakevennote gebruik om sodanige aksies uit te voer nie.

Geen betalings moet ooit direk of indirek in enige vorm van 'n geskenk of vermaak of enigiets van waarde aan 'n regeringsbeampte of sy/haar verteenwoordiger gegee word om sake te verkry of te behou, 'n sakebesluit te beïnvloed of 'n onregverdige sakeoordeel te verseker nie. Alle betalings moet behoorlik gerapporteer word en mag nooit uit enige van die boeke of rekords gelaat word nie.

As u bewus word van enige potensiële of werklike korrupte reëlins of ooreenkomste, of as iemand onbehoorlike betaling van u versoek, moet u dit onmiddellik aan die Fortune Brands-regsafdeling of u nakomingskomitee rapporteer.

▲
Die maatskappy se nakomingsbeleid oor teenkorruptsie is aanlyn beskikbaar by www.FBIN.com. As u onseker is of u dalk met 'n staatsamptenaar te doen het of enige vrae het oor die nakoming van die nakomingsbeleid oor teenkorruptsie, moet u die Fortune Brands-regsafdeling of u nakomingskomitee kontak.

Sê nou maar...

Terwyl u 'n kontrakhernuwing met 'n verskaffer in land A onderhandel, vind u uit dat die verskaffer dikwels gedurende besoeke geskenkbewyse aan inspekteurs van die plaaslike regering se Department van Omgewingsake gee. U kontakpersoon verseker u dat u nie daarvoor bekommerd hoef te wees nie want dit is 'n normale deel van die sakekultuur in land A. Wat moet u doen?

Stel so gou moontlik die Fortune Brands-regsafdeling of u nakomingskomitee in kennis. Ingevolge beide VSA- en plaaslike wetgewing kan 'n maatskappy aanspreeklik gehou word vir die verskaffing van geskenke of ander waardevolle goed wat deur derde partye, soos verskaffers, as omkoopgeld aan staatsamptenare beskou kan word. Hierdie aanspreeklikheid kan ontstaan ongeag of die maatskappy die derde party se gedrag aangevra of gemagtig het of nie. Die verskaffer in bogenoemde scenario kan moontlik die "geskenkbewyse" gebruik om inspekteurs (d.w.s. beamptes) van regeringsagentskappe om te koop. Ons mag nie besigheid met 'n vennoot wat omkoopgeld betaal doen nie, selfs al is sodanige "geskenke" 'n normale deel van die plaaslike kultuur.

Ons besigheid: Botsende belange

Binne Fortune Brands word daar van ons verwag om objektiewe sakebesluite te neem wat nie deur ons eie persoonlike, sosiale, finansiële of politieke belange beïnvloed word nie. Selfs die voorkoms van 'n botsing van belange deur enige van ons kan ons reputasie benadeel en ons sterkte in die mark verminder. Dit is van kritieke belang dat ons ons sakekeuses op meriete en regverdigheid baseer, en dat ons werklike of potensiële botsing van belange vermy. Wanneer u twyfel oor 'n moontlike botsing van belange, is dit altyd die beste om die situasie aan u bestuurder of toesighouer te openbaar en te bespreek. Enige werknemer, beampte of direkteur wat bewus raak van 'n botsing van belange of potensiële botsing van belange moet dit aan u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampte, u nakomingskomitee of die Fortune Brands-regsafdeling rapporteer.

'n Botsing van belange of iets wat lyk soos 'n botsing van belange kan moontlik in die volgende gevalle bestaan:

- U (of mense in u gesin) het 'n wesenlike finansiële belang in een van Fortune Brands se mededingers of in 'n maatskappy wat Fortune Brands moontlik mag verkry. U mag egter steeds in openbare verhandelde onderlinge fondse of soortgelyke beleggings met wyd gediversifiseerde portefeuljes belê, selfs al hou die fondse aandele in Fortune Brands se mededingers of maatskappy wat Fortune Brands oorweeg om te verkry.
- U (of iemand in u huishouding of familie) het 'n wesenlike finansiële belang in een van Fortune Brands se kliënte, verspreiders of verskaffers.
- U werk in enige hoedanigheid vir 'n Fortune Brands-mededinger.
- U gee of aanvaar geskenke, gunste, vermaak, vergoeding of spesiale afslag aan of van 'n persoon of maatskappy met wie Fortune Brands sake doen, of mag doen. Sien die "Geskenke, vermaak en gasvryheid"-afdeling hieronder vir meer inligting.
- U gebruik Fortune Brands se hulpbronne om politieke aktiwiteite te bevorder sonder voorafmagtiging van die Fortune Brands-regsafdeling. Dit sluit in om Fortune Brands se naam te gebruik om te suggereer dat die maatskappy 'n sekere kandidaat of saak ondersteun.



Fortune Brands Innovations, Inc. se beleid oor belangebotsings is aanlyn beskikbaar waar ander maatskappybeleide geplaas word.

Sê nou maar...

Ek besit reeds voorraad in 'n maatskappy wat onlangs een van ons verskaffers geword het. Moet ek hierdie voorraad verkoop?

Maak hierdie inligting aan u bestuurder of toesighouer bekend. As u in 'n aankoperhoedanigheid werksaam is, moet u u dalk van finansiële belang in die verskaffer onttrek. As u nie in 'n hoedanigheid werk wat aankoopbesluite beïnvloed nie, is dit moontlik dat u nie u aandele sal hoef te verkoop nie. Dit is in elk geval belangrik dat u hierdie inligting openbaar en bespreek met u bestuurder wat saam met Fortune Brands se

komitee vir belangebotsings sal werk om volgende stappe te bepaal.

Ons besigheid:

Geskenke, vermaak en gasvryheid

Die uitruil van geskenke en die verskaffing van vermaak of gasvryheid kan deel wees van die bou en kweek van sakeverhoudings. Hulle kan egter ook as omkoopgeld beskou word of 'n botsing van belange inhou wanneer hulle dit moeilik maak vir iemand om objektief te wees oor die persoon of maatskappy wat dit aan hulle verskaf. Dit is belangrik dat enige geskenk, vermaak of gasvryheid wat verskaf word voldoen aan die wet, hierdie Kode en Fortune Brands se belangebotsingsbeleid en teenkorrupsiebeleid.

U mag geskenke, vermaak of gasvryheid aan werknemers of andere verskaf slegs as dit onbeduidend in waarde is, nie gegee word in ruil vir, of in afwagting van enige terugkerende handeling deur die ontvanger nie, en nie die voorkoms het dat dit onbehoorlik is nie. (Sien die Teenkorrupsie-afdeling hierbo vir meer inligting oor geskenke of vermaak aan staatsamptenare.)

U mag slegs geskenke, vermaak of gasvryheid aanvaar van 'n kliënt, verskaffer of ander derde party wat met enige Fortune Brands-maatskappy sake doen of wil doen indien dit van onbeduidende waarde is en vir regmatige sakedoeleindes ontvang word. Enige geskenke of vermaak wat nie van onbeduidende waarde is nie moet onmiddellik teruggestuur word en aan u bestuurder of toesighouer gerapporteer word. Indien dit onprakties is om dit onmiddellik terug te gee, kontak die regsafdeling vir leiding.

Laastens, gebruik gesonde verstand en matigheid wanneer u betrokke raak by sakevermaak of andersins verskaf een of ander vorm van gasvryheid namens die maatskappy. Enige sakevermaak wat verskaf word aan of aanvaar word van enigiemand wat as derde party met die maatskappy sake doen moet beperk word tot vermaak wat ongereeld voorkom, matig is en bedoel is om regmatige sakedoelwitte te dien met geen verwagting van, of werklike, wederkerige optrede nie.

Terwyl u oorweeg of sakevermaak of gasvryheid onbeduidend in waarde is, dink aan wat u bereid sou wees om persoonlik te spandeer as u 'n normale ete uit eet of 'n normale sportgeleentheid sou bywoon. Kontak asseblief die regsafdeling as u nie seker is of die beoogde geskenk, vermaak of gasvryheid van onbeduidende waarde of andersins toepaslik is nie.



Fortune Brands Innovations, Inc. se beleid oor belangebotsings is aanlyn beskikbaar op dieselfde plek as ander maatskappybeleide.

Sê nou maar...

'n Verkoper met wie ek gereeld werk, het my en my lewensmaat vir ete genooi. Mag ek die aanbod aanvaar?

As u sakekontak by die verkoper die aandete saam met u sal bywoon, as die restaurant nie buitensporig duur is nie en as sakekwessies bespreek sal word sal dit onwaarskynlik wees dat hierdie uitnodiging die belangebotsingsbeleid sal oortree, mits die aandete nie buitensporig in waarde is nie en die verkoper se aandete-uitnodigings nie te gereeld is nie.

Ons besigheid:

Gebruik van sosiale media

Die internet bied unieke geleenthede vir interaktiewe gesprekke en om inligting te deel deur 'n wye verskeidenheid sosiale media te gebruik. U gebruik van sosiale media kan egter risiko's vir FBIN se vertroulike en eiendomsinligting, reputasie en handelsmerke inhou en kan die maatskappy se voldoening aan sakereëls en -wette in gevaar stel.

Om hierdie risiko's tot die minimum te beperk en om te verseker dat die maatskappy se IT-hulpbronne en kommunikasiestelsels toepaslik gebruik word, verwag FBIN dat u by die volgende riglyne rakende sosiale media sal hou.

- Moenie FBIN se beleide oortree nie. Sosiale media moet nooit op 'n manier word wat enige FBIN-beleid oortree nie. Byvoorbeeld, u word verbied om sosiale media te gebruik om betrokke te raak by onwettige teistering, die omseil van beleide wat onwettige diskriminasie verbied, of hierdie gedragskode oortree.
- Respekteer vertroulike inligting. FBIN se beleid oor vertroulike inligting en hierdie gedragskode beperk u gebruik en bekendmaking van die maatskappy se handelsgeheime en vertroulike inligting. Hanteer die maatskappy se handelsgeheime en inligting oor FBIN se sake, kliënte en produkte as vertroulik, en doen niks om dit deur u gebruik van sosiale media in gevaar te stel of onbewustelik bekend te maak nie.
- Beskerm FBIN se besigheid en reputasie. Moenie uself of die maatskappy wanvoorstel of namens die maatskappy praat nie.
- Wees respekvol. U is verantwoordelik vir die inhoud van u plasings. Gebruik goeie oordeel en onthou dat enigiets wat u sê FBIN kan weerspieël. Vermý teisterende, lasterlike of neerhalende inhoud. Onthou dat internetinhoud vir ewig kan voortbestaan.

Ons inligting en hulpbronne: Finansiële akkuraatheid en bekendmaking

Fortune Brands volg streng standarde wat die byhou van ons finansiële rekords en rekeninge betref. Ons boeke moet alle transaksies akkuraat en regverdig weerspieël en feite eerlik en op 'n reguit, deursigtige manier aanbied.

Ons sal seker maak dat die bekendmakings wat ons aan die VSA se sekuriteite-en-aandelebeurskommissie en ander openbare kommunikasie maak, volledig, regverdig, akkuraat, tydlig en verstaanbaar is.

Alle werknemers moet die volgende doen:

- Handhaaf akkurate en tydige rekords van alle transaksies.
- Verseker dat sakerekords (byvoorbeeld reis- en uitgaweverslae, aankoopbestellings en fakture) eerlik, volledig en nie misleidend is nie.
- Volg alle wette, rekeningkundige vereistes en maatskappyprosedures vir die rapportering van finansiële en ander sake-inligting.
- Werk saam, en neem geen aksie wat ons interne en eksterne ouditeure of enige ander gemagtigde individu sal mislei nie.
- Kontak die rekeningkundeafdeling met enige vrae oor die behoorlike aantekening van finansiële transaksies.

Enige werknemer, beampte of direkteur wat enige inligting vervals of verberg, of ons finansiële kontroles ondermyn, kan moontlik gedissiplineer word (wat afdanking kan insluit) en daar kan regsgevolge wees.



Fortune Brands se uitvoerende hoof en senior finansiële beamptes moet voldoen aan 'n bykomende Etiese Kode vir die Uitvoerende Hoof en Senior Finansiële Beamptes rakende finansiële verslagdoening, openbaarmakings, botsing van belange en akkurate rekeningkunde. 'n Afskrif van die Etiese Kode vir die Uitvoerende Hoof en Senior Finansiële Beamptes staan op die maatskappy se webwerf by www.FBIN.com.

U moet enige kommer of klagtes oor twyfelagtige rekeningkundige of auditpraktyke rapporteer deur hierdie kwessies by ons finansiële groep of ouditafdeling te opper. As u steeds oor iets bekommerd is, moet u die nakomingshulplyn skakel of 'n lid van die Fortune Brands-regsafdeling kontak.

Sê nou maar...

Dit is die laaste week van die jaarlikse rapporteringstydperk. My bestuurder wil hê ek moet die uitgaweverslae eers in die volgende kwartaal indien. Moet ek doen wat sy vra?

Nee. Alle inkomste en uitgawes moet in die korrekte tydperk gerapporteer word. Die uitgawes moet hierdie kwartaal in ons boeke weerspieël word. U moet ook u bestuurder se versoek aan u personeelbeampte, u nakomingskomitee, die Fortune Brands-regsafdeling of die nakomingshulplyn rapporteer.

Ons inligting en hulpbronne: Binnehandel

Sekuriteitewette verbied die verkoop en aankoop van maatskappyvoorraad terwyl u in besit is van wesenlike inligting wat nie openbaar is nie. Hierdie gedrag staan bekend as “binnehandel”.

“Wesenlike inligting” is inligting oor ’n maatskappy wat ’n redelike belegger belangrik sal ag in die neem van ’n beleggingsbesluit oor, of om daardie aandeel te koop, verkoop of te hou. Enige inligting wat na verwagting ’n maatskappy se aandeelprys kan beïnvloed, hetsy dit positief of negatief is word ook as wesenlike inligting beskou. Wesenlike inligting word as “niepubliek” beskou as dit nie op die nuus, op webwerwe of ander openbare plekke aan die publiek beskikbaar is nie.

Enigiemand met wesenlike inligting oor Fortune Brands wat nie openbaar is nie, moenie van ander mense aanbevelings (“wenke”) koop of dit aan ander mense verkoop of gee sodat hulle Fortune Brands voorraad kan aankoop of verkoop nie. Binnehandel is gronde vir dissiplinêre optrede, nie net omdat dit die Kode en Fortune Brands se beleid oor binnehandel oortree nie, maar ook omdat dit teen die wet is en tot hewige siviele en kriminele boetes kan lei.

Baie van ons werk elke dag met inligting oor Fortune Brands en buitemaatskappye en baie van daardie inligting word as “wesenlik” beskou. Dit sluit inligting oor aanwinste en vervreemding, veranderinge aan senior bestuur, groot nuwe projekte of produkte, onverwagte veranderinge in finansiële toestande en beduidende regsgeginge, in. As u wesenlike inligting het:

- Moenie dit nie met vriende, familie of buitelanders bespreek nie – nie eens op informele vlak nie. Moenie die inligting met u kollegas deel as hulle geen rede het om daarvan kennis te dra nie.
- Wag voordat u sekuriteite verhandel totdat die inligting openbaar gemaak word en die mark die inligting geabsorbeer het.

Lede van die Fortune Brands-direksie en sekere werknemers kan moontlik onderhewig wees aan geheimhoudingstydperke en daar kan moontlik ook van hulle vereis word om van Fortune Brands se regsafdeling goedkeuring te kry voordat daar enigsins transaksies met betrekking tot Fortune Brands se voorraad aangegaan mag word. Die Fortune Brands-direksie en sekere werknemers kan moontlik ook aan SEC-rapporteringsvereistes met betrekking tot hul verandering in aandele-eienaarskap onderhewig wees. Hierdie beperkinge en vereistes word beskryf in die Fortune Brands-beleid oor binnehandel.



Kontak die Fortune Brands-regsafdeling om vrae en kommer oor binnehandel te bespreek.

Sê nou maar...

Ek weet dat Fortune Brands volgende week ’n belangrike verkryging sal aankondig. Tot dusver is als baie stil gehou, maar ek het gehelp om sekere van die omsigtigheidsmateriale deur te gaan. Ek sou in elk geval van my aftreespaargeld in Fortune Brands-aandele hertoewys, kan ek dit nog môre doen?

Nee. U beskik oor binne-inligting, en as u nou van u aftreegeld gebruik of op enige ander manier Fortune Brands-aandele aankoop is dit op hierdie stadium onwettig.

Ons inligting en hulpbronne: Maatskappybates

Fortune Brands vereis van werknemers om maatskappybates gepas te beskerm en te gebruik. Ons word nie toegelaat om enige materiale of items wat die maatskappy besit sonder toestemming van ons bestuurders vir persoonlike gebruik (of om vir ander mense te gee of leen) te neem nie.

Soos met alle maatskappyeiendom moet die maatskappy se rekenaartegnologie slegs vir regmatige sakedoeleindes gebruik word en die sekuriteit daarvan moet ten alle tye beskerm word. Hou die volgende in gedagte:

- Oormatige persoonlike gebruik van e-pos, die internet of ander elektroniese kommunikasie word nie toegelaat nie. Persoonlike gebruik moet beperk word en mag nie u werksproduktiwiteit affekteer nie.
- Die skep, toegang tot of oordra van enige inligting wat aanstootlik, vulgêr, teisterend of onwettig is, word nie toegelaat nie.
- Kommunikasie deur middel van e-pos of die internet moenie as privaat beskou word nie.
- Enige gebruik wat moontlik teenstrydig met Fortune Brands se belange is word verbied.
- Kuberveiligheid het 'n belangrike komponent geword om ons werknemers en ons maatskappybates veilig te hou. Met die algemene toename in kuberbedreigings en toenemende gesofistikeerdheid van kuberaanvalle is die beskerming van ons digitale bates en vertroulike inligting van kritieke belang om ons voortgesette sukses te verseker. Indien u iets sien wat nie reg lyk nie ...**Stop** voordat u aksie onderneem ...**Dink** oor hoe u optrede kan help of seermaak, en ...**Maak kontak** deur u inligtingstegnologie-afdeling oor die potensiele probleem in te lig.



Raadpleeg FBIN se beleid oor aanvaarbare gebruik, wat elektronies beskikbaar is waar ander maatskappybeleide beskikbaar is, vir meer inligting oor die toepaslike gebruik van Fortune Brands se IT-stelsels en maatskappydata. Plaaslike beleide en prosedures oor elektroniese pos, sosiale media en internetgebruik kan ook meer inligting bevat oor die gebruik van rekenaars by Fortune Brands.

Sê nou maar...

Ek lei my seun se verkennertroepe en ek moet baie fotostate maak en ander ouers bel of e-pos. Ek moet die meeste van die tyd dié goed by die werk doen. Ek wil ook vir ons jaarlikse fondsinsameling geskenkpakkies met rugsakslotte en Fortune Brands-waterbottels saamstel. Laat die maatskappy dit toe?

Die Kode verbied oormatige persoonlike gebruik van ons elektroniese tegnologie of toerusting. Ons verwag ook dat wanneer u by die werk is, u u tyd en aandag aan ons sake toewy. Bespreek of u dag-tot-dag vrywilligerswerk of buitewerk gepas is met u bestuurder. As dit u produktiwiteit benadeel en dikwels u aandag van u take aftrek is die hoeveelheid tyd wat u vrywilliger- of buitewerk doen waarskynlik ingevolge die Kode te veel.

Ons inligting en hulpbronne: Vertroulike inligting

Baie Fortune Brands-werknemers het toegang tot vertroulike inligting wat met Fortune Brands se sake verband hou. Vertroulike inligting is een tipe maatskappybate. Die maatskappy wy aansienlike hulpbronne aan die ontwikkeling van baie van hierdie mededingend sensitiewe inligting en materiaal en maak staat op elkeen van u om dit te beskerm teen bekendmaking of onbehoorlike gebruik. Om ons vertroulike inligting te beskerm help om ons mededingende voordeel te beskerm. Voorbeelde van vertroulike inligting sluit inligting oor finansies, verskaffing en diens, bemarking, kliënte (insluitend lyste), werksaamhede, navorsing en ontwikkeling, sake- en finansiële planne en strategieë, sakeontwikkelingsprojekte en produkkoste, verkryging en prysbepaling in.

Kry slegs toegang tot vertroulike inligting wat nodig is om u werk doen. Moenie vertroulike inligting aan mense wat nie 'n regmatige Fortune Brands-verwante rede het om dit te weet bekendmaak nie. Gebruik vertroulike inligting slegs vir regmatige Fortune Brands-verwante sakedoeleindes.

Indien u Fortune Brands verlaat moenie die maatskappy se vertroulike inligting met u nuwe werkgewer deel of dit tot voordeel van u nuwe werkgewer gebruik nie. Net so, as u by Fortune Brands aansluit nadat u by 'n mededinger gewerk het verwag ons dat u u verpligting nakom om daardie maatskappy se vertroulike inligting te beskerm.

Sê nou maar...

Een van my oudkollegas het my gevra om vir hom 'n kosteprojeksie-sigblad te stuur wat hy geskep toe hy by FBIN gewerk het. Hy verduidelik dat hy dit tydens 'n onderhoud vir bevordering by sy nuwe werkgewer wil gebruik as voorbeeld van sy werkproduksie. Mag ek dit vir hom stuur?

Nee. Die sigblad bevat vertroulike kosteprojeksie-inligting wat slegs vir regmatige Fortune Brands-sake gebruik moet word en nie bekendgemaak moet word nie.

Ons inligting en hulpbronne: Dataprivaatheid

Ons werknemers, kliënte, verkopers, verskaffers en vennote vertrou ons met hul persoonlike inligting. Ons is daartoe verbind om hul persoonlike inligting versigtig te hanteer. Boonop is die inwinning, gebruik, bewaring en oordrag van persoonlike inligting onderhewig aan toenemend sterk regulasies in die VSA en in ander lande. Fortune Brands is daartoe verbind om te alle toepaslike databeskermings- en privaatheidswette in die lande waar ons werksaam is, na te kom.

Persoonlike inligting is inligting wat direk of indirek gebruik kan word wanneer dit gekombineer word met ander inligting om 'n persoon te identifiseer, soos naam, e-posadres, telefoonnommer, toestelidentifiseerder of IP-adres. U moet alle persoonlike inligting wat u verkry of toegang na het beskerm en verseker dat u die beleide oor die inwinning, gebruik, bewaring en oordrag van persoonlike inligting verstaan en nakom.

Indien u weet van, of vermoed, dat die beveiliging, vertroulikheid of integriteit van 'n ander persoon se persoonlike inligting in gevaar gestel word moet u dit aan u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampte, u plaaslike inligtingsekuriteitsbestuurder of u plaaslike inligtingstechnologie-afdeling rapporteer.



Raadpleeg FBIN se ondernemingsprivaatheids-beleid wat aanlyn beskikbaar is waar ander maatskappybeleide beskikbaar is vir meer inligting. As u enige vrae het oor die toepaslike beskerming vir persoonlike inligting, vra asseblief die Fortune Brands-regsafdeling.

Sê nou maar...

Ek is gevra om 'n verslag saam te stel wat persoonlike inligting bevat wat verband hou met sekere werknemers, en die verslag aan 'n kollega te e-pos. Dit is nie duidelik in watter lande hierdie werknemers werk nie of hoe die inligting deur my kollega gebruik sal word nie.

Stel u toesighouer of bestuurder van die versoek in kennis en stel voor dat dit na die regsafdeling verwys word vir inligting oor toepaslike volgende stappe.

Ons inligting en hulpbronne: Belegger- en mediabetrekkinge

Fortune Brands se korporatiewe kantoor verskaf inligting aan beleggers, analiste, aandeelhouers en die media op 'n akkurate, tydige en professionele wyse. Dit is van kritieke belang dat die inligting wat ons deel betroubaar en konsekwent is. Ons bespreek nie baie sake, insluitend nuwe produkte, verkrygings, afstotings, indiensnemingskwessies en regsgedinge, tot op die gepaste tyd nie, en dan moet slegs ons aangewese woordvoerders inligting verskaf. Ernstige siviele en kriminele boetes kan volg ná vals, bedrieglike of misleidende verklarings aan die regering en ander.

As u gekontak word deur 'n lid van die pers, die beleggingsgemeenskap of deur enigiemand anders wat inligting of opinies oor Fortune Brands soek, moet u die Fortune Brands se funksie vir beleggers-verhoudinge en korporatiewe kommunikasie in kennis stel en hulle laat antwoord.

Om die integriteit van die maatskappy se inligting te beskerm:

- Slegs sekere werknemers wat spesifiek gemagtig is, mag op navrae van lede van die beleggergemeenskap (bv. aandeelhouers, makelaars, beleggeranaliste, ens.) reageer. Alle sulke navrae moet dadelik aan die beleggersverhoudinge-funksie gestuur word.
- Media- of persoproewe vereis noukeurige oorweging. Geen werknemer moet oor maatskappy-aangeleenthede met 'n verslaggewer praat nie, hetsy in of buite rekord, sonder om eers Fortune Brands se beleggersverhoudinge- en korporatiewekommunikasie-beamptes te kontak nie.

▲
As u deur die media genader word om kommentaar te lewer oor enige Fortune Brands-aangeleentheid, kontak die Fortune Brands se beleggersverhoudinge- en korporatiewekommunikasie-beamptes.

Sê nou maar...

'n Plaaslike koerant se verslaggewer kontak my en vra vrae oor die maatskappy vir 'n komende artikel.

Verduidelik dat u nie gemagtig is om namens die maatskappy te praat nie, maar dat u die verslaggewer se kontakinligting aan Fortune Brands se beleggersbetrekkinge-afdeling en korporatiewekommunikasie-afdeling sal deurgee. Stel die beleggersbetrekkinge-afdeling en korporatiewekommunikasie-afdeling van die telefoonoproep in kennis. Moenie enige inligting aan die verslaggewer gee nie.

Ons inligting en hulpbronne: Hantering van rekords

Fortune Brands moet alle rekords en dokumente akkuraat en wettig bestuur. Baie dokumente moet in ooreenstemming met wetlike vereistes gehou of mee weggedoen word. Ingeval van dreigende regsgedinge moet dokumente (sowel papier- as elektroniese weergawes) dikwels "bewaar" word en nie gewysig, verwyder of vernietig word nie. Ons moet almal ons beleid oor rekordbehoud nakom, asook enige ander inligting oor die behoud van inligting wat ons ontvang.



Plaaslike beleide en prosedures oor rekordbestuur bevat meer besonderhede oor rekordbestuur by Fortune Brands. Kontak die Fortune Brands-regsafdeling as u enige spesifieke vrae het oor die retensiedydperk van 'n dokument, of as u enige vrae het oor dokumente waarna daar in 'n regsbehoudkennisgewing verwys word. Die vernietiging van dokumente wat onderhewig is aan 'n regsbehoudkennisgewing kan daartoe lei dat ons aanspreeklik is.

Sê nou maar...

Sê nou ek word geïdentifiseer as iemand wat moontlik dokumente of elektroniese inligting het wat verband hou met 'n hangende regsgeding en ek 'n regsbehoudkennisgewing ontvang?

Bewaar alle dokumente en elektroniese rekords (insluitend e-posse) ongeag waar dit is wat vir die regsgeding tersaaklik is tot verdere kennisgewing van die Fortune Brands-regsafdeling. Indien u enige vrae oor watter dokumente en elektroniese rekords moontlik tersaaklik is het, kontak die Fortune Brands-regsafdeling.

Korporatiewe burgerskap: Kommer oor omgewingsake

Fortune Brands voldoen aan die letter en gees van alle omgewingsbeskermingswette. Ons doelwit is om voortdurend die impak van ons werksaamhede en produkte op die omgewing te verminder. Fortune Brands is daartoe verbind om omgewingspraktyke en -produkte te bevorder wat die omgewing beskerm terwyl dit die lewens van ons werknemers, ons kliënte en ons gemeenskappe te verbeter. Die beginsels wat ons volg word uiteengesit in ons beleid oor werknemerveiligheid en omgewingsvolhoubaarheid.



Die beleid oor werknemerveiligheid en omgewingsvolhoubaarheid is aanlyn beskikbaar by www.FBIN.com.

Korporatiewe burgerskap: Menseregte

Fortune Brands-maatskappye werk wêreldwyd en streef daarna om internasionale sakeverhoudings te ontwikkel en te bevorder wat op respek en verantwoordelikheid gebou is. As 'n maatskappy respekteer ons menseregte en hou ons by die indiensnemingswette in alle geografiese gebiede waarin ons bedrywig is. Ons ondersteun die beginsels van die Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte.

Fortune Brands neem ook kwessies oor menseregte en arbeidspraktyke in ons voorsieningsketting ernstig op. Ons [verskaffersgedragskode](#) stel duidelike verwagtinge aan ons verskaffers om internasionaal erkende menseregte te respekteer, alle toepaslike wette na te kom en hul sake eties en verantwoordelik te doen.

Die volgende geld byvoorbeeld in ooreenstemming met ons menseregtebeleid en ons [verskaffersgedragskode](#):

- Fortune Brands laat nie kinderarbeid toe nie. Alle werkers moet die plaaslike wet oor minimum ouderdom nakom.
- Fortune Brands verbied diskriminasie, teistering of korrupsie in die werkplek.
- Fortune Brands beperk werksure en kom alle toepaslike plaaslike wette en bedryfstandaarde oor werksure na.



Fortune Brands se etiese vereistes om sake te doen, staan in die Fortune Brands-menseregtebeleid en -verskaffersgedragskode, wat aanlyn beskikbaar is by www.FBIN.com.

Sê nou maar...

Ek het bewus geraak van substandaard-werksomstandighede by een van ons verskaffers. Is ek veronderstel om iemand hiervan te vertel?

Verskaffers moet ons Fortune Brands-verskaffersgedragskode nakom. Stel die Fortune Brands-regsafdeling oor die potensiele substandaard-werksomstandighede in kennis sodat dit ondersoek kan word en korrektiewe aksie ingestel kan word.

Opleiding en sertifisering

Ons neem ons verbintenis tot etiese standaarde baie ernstig op. Neem asseblief tyd om die Kode deur te lees en te verstaan. U sal van tyd tot tyd opleiding (hoofsaaklik via die internet) oor die Kode ontvang. Nadat u die opleiding voltooi het, sal u gevra word om die volgende te bevestig:

- Dat u die Kode deurgelees het en verstaan, en dat u die Kode sal nakom.
- Dat u verstaan dat u 'n belangrike rol daarin speel om uit te praat en kwessies op te los. U word aangemoedig en daar word van u vereis om aktiwiteite te rapporteer waar u in goeder trou glo, of vermoed dat oortreding van die Kode plaasgevind het.
- Dat u verstaan dat, as u die Kode oortree, versuim om 'n oortreding te rapporteer of vergeldend teen 'n ander werknemer optree weens die feit dat hy/sy 'n oortreding rapporteer, sal u gedissiplineer word (wat afdanking kan insluit) of daar kan regsgevolge vir u wees.

Versuim om die Kode na te kom

Versuim om hierdie Kode na te kom sal lei tot dissiplinêre stappe, bv. teregrywings, waarskuwings, 'n proeftydperk, skorsing sonder betaling, posverlaging, verlaging in salaris en ontslag. Sekere oortredings van hierdie Kode kan vereis dat die maatskappy die saak na wetstoepassers verwys vir ondersoek of vervolging. Enige toesighouer of bestuurder wat enige optrede wat in stryd met hierdie Kode is beveel, goedkeur of ignoreer, of wat kennis dra van sodanige optrede en dit nie onmiddellik rapporteer nie, sal ook onderhewig wees aan dissiplinêre stappe, wat ontslag kan insluit.

Kwytskelding van die Kode

Die ouditkomitee (in geval van 'n oortreding deur 'n direkteur of beampte) en Fortune Brands se regsafdeling (in geval van 'n oortreding deur enige ander persoon) kan moontlik (na hul goeddunke) enige oortreding van die Kode kwytskeld. Enige kwytskelding vir 'n direkteur of beampte sal wel bekendgemaak word soos dit deur die NYSE en SEC se reëls vereis word.

Opsomming van nakomingsrapportering

Ons moet almal voldoen aan die wet en die bepalings en gees van hierdie Kode. Wanneer u twyfel oor enige nakoming- of etiekkwessie, kontak asseblief u bestuurder of toesighouer, u personeelbeampte, u nakomingskomitee, die Fortune Brands-regsafdeling of die nakomingshulplyn:

Nakomingshulplyn: 1-855-212-7613 Nakomingwebwerf: www.FBINcompliance.com

Hierdie nommer en webwerf is daar om alle nakomingskwessies te rapporteer, insluitend rapportering of kommer oor twyfelagtige rekeningkundige, ouditering of bedrogverwante kwessies wat die maatskappy affekteer en is internasionaal beskikbaar. Die telefoonnommer en webwerf kan 24 uur per dag anoniem bereik word.

Instruksies om internasionale tolvrye nommers te skakel, staan by www.FBINcompliance.com.

Die Kode is nie 'n kontrak nie. Dit verteenwoordig geen spesifieke regte of waarborg van werk vir enige spesifieke tydperk nie. In plaas daarvan beskryf dit die etiese gedrag wat van almal van ons in alle Fortune Brands-maatskappye verwag word.